# Die Ligdraer

## Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Welkom

**19 Maart 2023**

## Ons missie:

Die Gereformeerde Kerk Welkom verheerlik God as 'n biddende gemeente wat:

- dissipels is;
- dissipels maak;
- vashou aan die suiwer leer;
- ons gawes gebruik;
- lidmate toerus; en
- God se liefde en genade uitdra.

## VANOGGEND SE EREDIENS

**Voor die erediens:**

**Afkondigings**

**Stilte**



**Erediens:**

**Votum**

**Groetseën**

**Lofprysing en aanbidding:** Psalm 118-2:5,7,8 en Skrifberyming 1-1:2,7

**Geloofsbelydenis:** Twaalf Artikels

**Die Wet van die HERE:** Matteus 22:37-40

**Sing:** Skrifberyming 8-1:1,2



**Gebed**

**Skriflesing:** 1 Korintiërs 12

**Bediening van doop**

**Sing na bediening van doop:** Lied 292:1,2

**Fokus:** 1 Korintiërs 12:13

**Preek:**

**Tema:**

*Ons is deur een Gees gedoop tot een liggaam.*

**Gebed**

**Diens van barmhartigheid**

**Sing:** Lied 440:1,2,3,4



**Wegstuurseën**

**Amen:** Skrifberyming 13-3

**KOLLEKTES:**
Onder die erediens: Diens van barmhartigheid.
By die deure: Kerklike Tydskrifte.

**DIENSBEURT:**



Vandag: Wyk 10
26 Maart: Wyk 11
2 April: Wyk 12

**TEE/KOFFIE VOOR EN NA DIE EREDIENS:**



Daar is tee, koffie en koeldrank voor en na die erediens beskikbaar. Alles word by die teedrinkplek reggesit en dan kan lidmate hulleself help.

**KATKISASIE:**
Weens die langnaweek is daar nie vandag katkisasie nie. Verder sluit die skole eerskomende Vrydag en open dit weer op 12 April. Die gevolg is dat die volgende katkisasie op Sondag 16 April sal wees.

**VLAMVATSPAN BYEENKOMS:**
Die Vlamvatspan se maandelikse byeenkoms vind eerskomende Woensdag (22 Maart) plaas .

**SILWERJARE-VRIENDEKRING – VRYDAG 24 MAART:**
Voordat ons twee gemeentes saamgesmelt het, het beide GK Welkom en GK Welkom-Noord van tyd tot tyd funksies vir senior lidmate gehad. In GK Welkom-Noord is dit Klub 50+ genoem en in GK Welkom is dit Silwerjare genoem. Na die samesmelting het ons dit Silwerjare-Vriendekring genoem. Sedert Covid-19 was daar nog nie weer sulke saamkuiers nie. Daar is 'n behoefte om dit weer te doen en is daar besluit om op Vrydag 24 Maart weer so 'n saamkuier te hê. Almal wat 50 jaar en ouer is, is welkom om eerskomende Vrydag (24 Maart) om 11:00 by die kerksaal te kom saamkuier. Ons vra soos in die verlede dat elkeen 'n bordjie eetgoed saambring. Koffie, tee en sap sal voorsien word. Vir navrae, kontak vir br. Vernon Neumann (063 664 5744).

**FACEBOOK-BLAD:**
Ons het met behulp van mense wat op hierdie gebied spesialiseer 'n nuwe Facebook-blad vir ons gemeente geskep. Die skakel na ons Facebook-blad is: https://www.facebook.com/GKWelkom/
Ons versoek al die lidmate wat op Facebook is, om na ons gemeente se Facebook-blad te gaan kyk en die "hou van" of "volg" knoppie te druk. Help ons asseblief so om ons nuwe Facebook-blad te laat groei .



# Ek Verjaar!



Die volgende lidmate verjaar tot 25 Maart 2023:

| | | |
|---|---|---|
| 21 Maart | Martie Strydom | 082 552 4260 |
| 22 Maart | Cameron Lonergan | 082 318 7868 |
| 23 Maart | Ruline Erasmus | 074 300 4841 |
| 25 Maart | Kaylie van der Walt | 083 411 6800 |

**BAIE GELUK** en seënwense vir die nuwe jaar.

**LIEF EN LEED:**

- Ons dink aan br. Wallie (083 635 3727) en sr. René van der Walt met die dat René nou al meer as drie maande in die hospitaal is. Sy is steeds in Bloemfontein Medi-Clinic en baie siek. Ons vra voorbidding vir haar en Wallie.
- Sr. Susan Murray (072 444 8272) is sedert Maandag in Rosepark hospitaal in Bloemfontein, waar ’n nuwe lyn vir haar ingesit is vir die dialise wat sy drie keer per week ontvang. Ons bede is dat die nuwe lyn suksesvol sal wees.
- Sr. Marlene Enslin (083 941 8878) kry elke dag fisioterapie om die spiere in haar bene te versterk na die groot rugoperasie wat sy verlede jaar ondergaan het. Ons is dankbaar dat daar ’n bietjie beterskap is, nadat dit die afgelope tyd moeilik was vir haar.
- Br. Karel van der Walt (083 629 2200) het Donderdag vir mediese ondersoeke gegaan waartydens bevestig is dat hy ’n spastiese dikderm het. Hy sal verdere ondersoeke moet ondergaan om vas te stel wat die duiseligheid veroorsaak.
- Sr. Maryna Reynders (076 668 6875) gaan Maandag vir mediese ondersoeke.
- Sr. Annalie Marais (072 174 7168) gaan Donderdag Bloemfontein toe vir ’n operasie Vrydag om die karpale senuwee in haar regterhand los te maak.
- Ons vra ook voorbidding vir bogenoemde lidmate asook vir ander lidmate wat ernstig siek is of in die hospitaal is, waarvan ons dalk nie weet nie.
- Baie geluk aan br. Andes (082 863 4399) en sr. Annelien (066 574 9414) Duncker met die geboorte van ’n kleinkind in Desember.

# Die Bybel

**27 Die vrees van die HERE vermeerder die dae, maar die jare van die goddelose word verkort.**
**28 Die verwagting van die regverdiges is vreugde, maar die hoop van die goddelose vergaan.**

***~ Spreuke 10:27-28 (33-53 vertaling) ~***

**VIR INBETALINGS IN ONS GEMEENTE SE REKENING:**

**WELKOM**
**ABSA BANK**
**TAK KODE: 630135**
**REK NO: 1340340090**
**TIPE REK: TJEKREKENING**



**ONTHOU OM JOU NAAM BY TE SIT INDIEN ELEKTRONIES OOR BETAAL**

**Kontaknommers en besonderhede:**
Predikant: Ds JL van der Schyff (057 352 5857/083 995 0380)
Skriba: Marthie van der Schyff (057 352 5857/072 336 4266)
Attes Skriba:
Koster: Flip Kotze (083 388 0249)
Kassier: Marthie Kotze (083 388 0251)
Orrelis: Hansie Jordaan (083 407 5796)
Admin beampte: Casper du Plessis (057 353 1447/060 366 0166)
Diakonie: Marthie van der Schyff (072 336 4266)
Kantoor: 057 352 5280 (Vrydag 08:00 - 13:00)

**Facebook:** https://www.facebook.com/GKWelkom/
**Epos:** gkwelkom@telkomsa.net

**DIAKONIE**
**EERSTE NASIONALE BANK**
**TAKKODE: 250655**
**REKENINGNOMMER: 62808348074**



# Net 'n Gedagte

***13 Verdra mekaar en vergewe mekaar as die een teen die ander 'n klag het; soos Christus julle vergeef het, so moet julle ook doen.***
***14 En beklee julle bo dit alles met die liefde wat die band van die volmaaktheid is.***
***15 En laat die vrede van God, waartoe julle ook in een liggaam geroep is, in julle harte heers, en wees dankbaar.***

*~ Kolossense 3:13-15 (Ou vertaling) ~*

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE
**GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA**